

GRONDWET VAN DIE KAKAMAS BELANGEGROEP


1. NAAM

Die naam van die vereniging is die Kakamas Belangegroep, hierna verwys as "die Vereniging".

2. DEFINISIES

2.1. In hierdie grondwet, tensy die konteks anders vereis, beteken:

- 2.1.1. "**Vereniging**" die Kakamas Belangegroep soos in hierdie grondwet omskryf.
- 2.1.2. "**Bestuur**" die verkose bestuursliggaam van die Vereniging saamgestel ingevolge Artikel 8.
- 2.1.3. "**Lid**" 'n persoon of regspersoon wat ingevolge hierdie grondwet as lid van die Vereniging erken word.
- 2.1.4. "**Aksiekomitee**" 'n komitee ingestel deur die Bestuur vir 'n bepaalde doel of projek en wat onder toesig van die Bestuur funksioneer.
- 2.1.5. "**Openbare-welsynsaktiwiteite**" afgebakende aktiwiteite of projekte wat direk verband hou met gemeenskapswelsyn, basiese dienste of infrastruktuur en wat, waar van toepassing, ingevolge toepaslike wetgewing kan kwalifiseer.
- 2.1.6. "**Doelgebonde fondse**" fondse of skenkings wat ontvang word vir 'n spesifieke, vooraf goedgekeurde doel of projek.
- 2.1.7. "**Algemene fondse**" fondse wat nie doelgebonde is nie en wat vir die algemene bedryf en aktiwiteite van die Vereniging aangewend word.
- 2.1.8. "**Grondwet**" hierdie grondwet van die Vereniging soos van tyd tot tyd gewysig.
- 2.1.9. "**Kakamas**" beteken die dorp Kakamas, asook die omliggende woon-, landbou- en infrastruktuurgebiede wat histories, sosiaal en funksioneel met Kakamas verbind is, en wat binne die jurisdiksie van die Kai !Garib Plaaslike Munisipaliteit geleë is, insluitend maar nie beperk nie tot gebiede wat dienslewering, infrastruktuur en gemeenskapswelsyn van Kakamas direk raak.



2.1.10. "**Verkose politieke ampsdraer**" beteken enige persoon wat deur 'n verkiesingsproses, hetsy direk of indirek, verkies, aangewys of benoem is om 'n openbare politieke amp te beklee, insluitend maar nie beperk nie tot:

2.1.10.1. 'n lid van 'n munisipale raad;

2.1.10.2. 'n lid van 'n provinsiale wetgewer; en

2.1.10.3. 'n lid van die Nasionale Vergadering of die Nasionale Raad van Provinsies.

2.1.11. "**Kontrakteur**" beteken 'n natuurlike persoon of regspersoon wat, ingevolge 'n voortgesette diens-, werk- of diensvlakoooreenkoms, 'n wesenlike deel van sy of haar inkomste verdien uit dienste gelewer aan die Kai !Garib Plaaslike Munisipaliteit of enige ander staatsorgaan met direkte gesag oor Kakamas, waar sodanige dienste verband hou met infrastruktuur, basiese dienslewering of administratiewe funksies wat die Vereniging redelikerwys kan moet monitor, bevraagteken of aanspreeklik hou.

3. DOELSTELLINGS


3.1. Die doelstellings van die Vereniging is:

3.1.1. Om as verteenwoordigende liggaam namens sy lede op te tree en in belang van die Vereniging met die Kai !Garib Plaaslike Munisipaliteit, asook provinsiale, nasionale en ander toepaslike instansies te skakel.

3.1.2. Om fondse in te samel, ledegeld te vorder en op wettige wyse fondse te bekom ten einde uitvoering te gee aan die doelstellings van die Vereniging.

3.1.3. Om inligting rakende munisipale en gemeenskapsaangeleenthede aan lede te versprei deur toepaslike kommunikasiekanale, insluitend elektroniese en sosiale media, onderhewig aan gedragsreëls soos deur die Bestuur vasgestel.

3.1.4. Die Vereniging mag, benewens sy kernfunksie as belange- en aanspreeklikheidsorganisasie, ook afgebakende openbare-welsynsaktiwiteite onderneem, mits sodanige aktiwiteite onderhewig is aan toepaslike wetgewing, finansiële beheer en toesig soos in hierdie grondwet bepaal.



4. REGSPERSOONLIKHEID


- 4.1. Die Vereniging is 'n vrywillige vereniging van persone met eie regspersoonlikheid en beperkte aanspreeklikheid.
- 4.2. Die Vereniging het ewigdurende opvolging en kan in eie naam regte verkry, verpligtinge aangaan, dagvaar en gedagvaar word.

5. NIE-WINSOOGMERK EN NIE-POLITIEKE AARD

- 5.1. Die Vereniging is 'n organisasie sonder winsoogmerk.
- 5.2. Geen fondse, inkomste of bates mag direk of indirek aan lede uitbetaal word nie, behalwe redelike vergoeding vir dienste gelewer.
- 5.3. Die Vereniging is nie-politiek van aard en vereenselwig hom nie met enige politieke party of beweging nie.

6. LIDMAATSKAP EN STEMREG

- 6.1. Lidmaatskap van die Vereniging staan oop vir enige natuurlike persoon ouer as 18 jaar wat permanent in Kakamas woon, asook enige regspersoon of besigheid wat binne Kakamas bedrywig is, onderhewig aan betaling van die voorgeskrewe ledegeld en nakoming van hierdie grondwet.
- 6.2. 'n Regspersoon of besigheid wat as lid aanvaar word, moet 'n gemagtigde verteenwoordiger aanwys om namens sodanige regspersoon of besigheid aan vergaderings deel te neem en stemreg uit te oefen.
- 6.3. Slegs lede wie se ledegeld ten volle opbetaal is, is stemgeregtig by vergaderings van die Vereniging.
- 6.4. Elke lid, insluitend besigheidslede, het een stem.
- 6.5. Lidmaatskap van die Vereniging verleen geen finansiële, kommersiële of voorkeurvoordele aan enige lid nie, en mag nie gebruik word vir advertensie-, bemarkings- of winsdoeleindes nie.
- 6.6. Geen persoon wat 'n verkose politieke ampsdraer is, of wat 'n amptenaar, werknemer of kontrakteur van die Kai !Garib Plaaslike Munisipaliteit is, mag lid wees van die Vereniging nie.




- 6.7. Geen persoon wat 'n verkose politieke ampsdraer is, of wat 'n amptenaar, werknemer of kontrakteur van enige ander sfeer van regering is wat direkte administratiewe of politieke gesag oor aangeleenthede in Kakamas uitoefen, mag lid wees van die Vereniging nie.
- 6.8. Enige lid wat, na toelating tot lidmaatskap, 'n posisie aanvaar soos bedoel in Artikels 6.6 of 6.7, se lidmaatskap verval outomaties met ingang van die datum waarop sodanige pos aanvaar word.
- 6.9. Die Bestuur mag, na oorweging van 'n lidmaatskapaansoek, sodanige aansoek weier indien daar na die Bestuur se redelike oordeel 'n werklike of redelik waargenome botsing van belange bestaan wat die onafhanklikheid, geloofwaardigheid of doelstellings van die Vereniging kan benadeel.
- 6.10. By die toepassing van Artikel 6.9 moet die Bestuur onder meer, maar nie uitsluitlik nie, oorweeg of die aansoeker:
- 6.10.1. 'n finansiële, professionele of persoonlike belang het wat die werk van die Vereniging direk kan beïnvloed; of
- 6.10.2. in 'n posisie is wat die Vereniging se optrede teenoor enige owerheid, instansie of derde party kan ondermyn.
- 6.11. 'n Besluit om 'n lidmaatskapaansoek te weier ingevolge Artikel 6.9 moet redelikerwys geneem en aangeteken word, maar hoef nie gemotiveer te word aan die aansoeker nie.

7. BEPERKTE AANSPREEKLIKHEID

- 7.1. Geen lid van die Bestuur is aanspreeklik vir verlies of skade nie, behalwe in gevalle van kwaadwillige optrede of growwe nalatigheid.
- 7.2. Die Vereniging vrywaar die Bestuur teen sodanige eise binne die perke van die wet.

8. BESTUUR

- 8.1. Die bestuur van die Vereniging berus by 'n verkose Bestuur.
- 8.2. Die Bestuur bestaan uit:
- 8.2.1. 'n Voorsitter
- 8.2.2. 'n Onder-voorsitter



8.2.3. 'n Sekretaris

8.2.4. 'n Penningmeester

8.2.5. Een addisionele lid

8.3. Die Bestuur dra uiteindelijke toesig oor alle fondse, projekte en aktiwiteite, insluitend doelgebonde openbare-welsynsaktiwiteite.

9. AKSIEKOMITEES

9.1. Die Bestuur mag aksiekomitees instel vir bepaalde projekte of take.

9.2. Aksiekomitees funksioneer onder toesig van die Bestuur en doen gereeld verslag.

10. VERGADERINGS EN KWORUMS

10.1. Tipes vergaderings

10.1.1. Die Vereniging hou die volgende vergaderings:

10.1.1.1. die Algemene Jaarvergadering (AJV);

10.1.1.2. Spesiale Algemene Vergaderings (SAV's); en

10.1.1.3. Bestuursvergaderings.

10.2. **Algemene Jaarvergadering**

10.2.1. Die Algemene Jaarvergadering word een keer per jaar gehou op 'n datum, tyd en plek soos deur die Bestuur bepaal.

10.2.2. Die volgende sake moet, waar van toepassing, op die agenda van die Algemene Jaarvergadering verskyn:

10.2.2.1. goedkeuring van die notule van die vorige Algemene Jaarvergadering;

10.2.2.2. verkiesing van die Bestuur;


10.2.2.3. voorlegging van finansiële verslagdoening;

10.2.2.4. terugvoer oor die Vereniging se aktiwiteite; en

10.2.2.5. enige ander sake soos behoorlik op die agenda geplaas.

10.3. **Spesiale Algemene Vergaderings**

10.3.1. 'n Spesiale Algemene Vergadering kan belê word:



10.3.1.1. deur die Bestuur; of

10.3.1.2. op skriftelike versoek van minstens tien (10) stemgeregtigde lede.

10.3.2. Die kennisgewing vir 'n Spesiale Algemene Vergadering moet die doel en die sake wat bespreek gaan word, duidelik uiteensit.

10.4. **Kennisgewing van vergaderings**

10.4.1. Minstens sewe (7) kalenderdae kennis moet gegee word van 'n Algemene Jaarvergadering of Spesiale Algemene Vergadering.

10.4.2. Kennisgewing kan geskied deur elektroniese kommunikasie, skriftelike kennisgewing, of enige ander redelike metode soos deur die Bestuur bepaal.

10.5. **Verkorting van kennisgewingstyd**

10.5.1. Nieteenstaande Artikel 10.4, kan die vereiste kennisgewingstyd vir 'n Algemene Jaarvergadering of Spesiale Algemene Vergadering verkort word, mits:

10.5.1.1. die rede vir sodanige verkorting aan die lede by aanvang van die vergadering verduidelik word; en

10.5.1.2. die verkorting van kennisgewingstyd deur 'n meerderheid van die teenwoordige stemgeregtigde lede goedgekeur word.

10.5.2. Geen verkorting van kennisgewingstyd mag toegepas word ten opsigte van:

10.5.2.1. die ontbinding van die Vereniging; of

10.5.2.2. 'n wysiging van hierdie grondwet, tensy sodanige verkorting uitdruklik en eenparig deur die teenwoordige stemgeregtigde lede goedgekeur word.


10.6. **Kworum vir Algemene Vergaderings**

10.6.1. Die kworum vir 'n Algemene Jaarvergadering of Spesiale Algemene Vergadering is:

10.6.1.1. twintig (20) stemgeregtigde lede; of

10.6.1.2. tien persent (10%) van die stemgeregtigde lede, watter getal ook al die minste is.

10.6.2. Indien geen kworum teenwoordig is nie, word die vergadering uitgestel vir hoogstens veertien (14) dae, waarna die lede teenwoordig 'n geldige kworum vorm.



10.7. Besluitneming

- 10.7.1. Besluite word geneem deur 'n gewone meerderheid van stemme, tensy hierdie grondwet anders bepaal.
- 10.7.2. Elke stemgeregtigde lid het een stem.
- 10.7.3. In die geval van 'n gelyke aantal stemme het die voorsitter 'n beslissende stem.

10.8. Bestuursvergaderings

- 10.8.1. Die Bestuur vergader so dikwels as nodig, maar minstens vier (4) keer per jaar.
- 10.8.2. Die kworum vir 'n bestuursvergadering is 'n meerderheid van die bestuurslede.
- 10.8.3. Besluite van die Bestuur word geneem deur 'n gewone meerderheid van stemme van teenwoordige bestuurslede.

10.9. Notules

- 10.9.1. Behoorlike notules moet gehou word van alle vergaderings van die Vereniging en die Bestuur.
- 10.9.2. Notules moet by die volgende toepaslike vergadering ter goedkeuring voorgelê word.

10.10. Goedkeuring van notules buite 'n vergadering

- 10.10.1. Nieteenstaande Artikel 10.9, mag die notules van 'n vergadering voor die volgende vergadering vir goedkeuring aan lede versprei word.
- 10.10.2. Indien 'n meerderheid van die stemgeregtigde lede die notules skriftelik of elektronies goedkeur, word sodanige notules geag goedgekeur te wees.
- 10.10.3. Die goedkeuring van notules ingevolge hierdie artikel moet by die volgende vergadering ter kennisname genotuleer word.

10.11. Stem by volmag


- 10.11.1. 'n Stemgeregtigde lid wat nie 'n vergadering kan bywoon nie, mag sy of haar stem by wyse van skriftelike volmag verleen aan:
 - 10.11.1.1. 'n ander stemgeregtigde lid; of
 - 10.11.1.2. die voorsitter van die vergadering.
- 10.11.2. 'n Volmag moet:
 - 10.11.2.1. skriftelik wees;



- 10.11.2.2. die volle name en lidnommers van die volmaggewer en, waar van toepassing, die volmaghouer bevat;
- 10.11.2.3. duidelik aandui vir watter vergadering dit geld; en
- 10.11.2.4. voor of by die opening van die vergadering aan die sekretaris oorhandig word.
- 10.11.3. Geen stemgeregtigde lid mag meer as een volmag by 'n vergadering uitoefen nie, met die uitsondering dat die voorsitter enige aantal geldige volmagte mag uitoefen.
- 10.11.4. 'n Volmag mag slegs gebruik word vir stemming en verleen geen reg tot deelname aan bespreking of debat nie.
- 10.11.5. Waar 'n volmag aan die voorsitter verleen is, moet die voorsitter die stem uitoefen ooreenkomstig die uitdruklike aanduiding van die volmaggewer, of, indien geen sodanige aanduiding gegee is nie, ten gunste van die mosie stem.
- 10.11.6. Die voorsitter moet voor enige stemming aan die vergadering bekend maak hoeveel geldige volmagte ontvang is, en aan wie sodanige volmagte verleen is.

11. FINANSIES

- 11.1. Die finansiële jaar van die Vereniging strek van 1 Januarie tot 31 Desember.
- 11.2. Alle fondse van die Vereniging word by 'n geregistreerde finansiële instelling in 'n rekening of rekeninge in die naam van die Vereniging gedeponeer.
- 11.3. Die Bestuur is verantwoordelik vir die beheer en administrasie van die Vereniging se fondse en moet toesien dat alle finansiële handeling behoorlik gemagtig en aangeteken word.
- 11.4. Doelgebonde fondse wat vir openbare-welsynsaktiwiteite of spesifieke projekte ontvang word, moet afsonderlik geadministreer word en mag uitsluitlik vir die goedgekeurde doel aangewend word.
- 11.5. Die Vereniging moet behoorlike en volledige boekhouding hou, en alle finansiële rekords moet die herkoms en aanwending van fondse, insluitend doelgebonde fondse, duidelik kan aantoon.
- 11.6. Die Bestuur moet ten minste een maal per jaar aan die lede verslag doen oor die finansiële stand van die Vereniging.
- 11.7. Finansiële rekords van die Vereniging moet, op redelike kennisgewing, vir inspeksie deur lede beskikbaar wees.



12. WYSIGING VAN DIE GRONDWET

Hierdie grondwet kan slegs gewysig word deur 'n tweederdemeerderheid van lede op 'n Algemene Jaarvergadering of 'n Spesiale Algemene Jaarvergadering.

13. BESKERMING VAN PERSOONLIKE INLIGTING

Die Vereniging sal alle persoonlike inligting van sy lede en ander betrokkenes verwerk ingevolge die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (POPIA) en enige toepaslike interne privaatheidsbeleid wat van tyd tot tyd deur die Bestuur aanvaar word.

14. ONTBINDING


- 14.1. Die Vereniging kan ontbind word deur 'n tweederdemeerderheidsbesluit van lede op 'n Algemene Jaarvergadering of Spesiale Algemene Jaarvergadering.
- 14.2. By ontbinding mag geen bates aan lede uitbetaal word nie.
- 14.3. Oorblywende bates, veral dié wat verband hou met openbare-welsynsaktiwiteite, word oorgedra aan 'n liggaam wat ingevolge toepaslike wetgewing vir soortgelyke doeleindes kwalifiseer.


15. DOMICILIUM

Die *domicilium citandi et executandi* van die Vereniging is te Kakamas op 'n adres soos deur die Bestuur bepaal.

16. INWERKINGTREDE VAN GRONDWET

Hierdie gewysigde grondwet tree in werking op datum van goedkeuring deur die lede van die Kakamas Belangegroep. Hierdie gewysigde grondwet is aanvaar tydens 'n spesiale algemene jaarvergadering van die Vereniging gehou te **KAKAMAS** op 6 MEI 2026.



Voorsitter

Sekretaris